N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 14

3 April 2022

Die Here se volhardende liefde

In Matteus 21 lees ons die gelykenis van die grondeienaar wat boodskappers na sy rebelse huurders gestuur het. Hulle het die een dienskneg geslaan. Hulle het ‘n ander een vermoor. Nog een is gestenig. Weer het hy diensknegte gestuur en heel laaste het hy sy eie seun gestuur wat ook deur hulle vermoor is.
Op die ou end is die rebelse huurders verdelg en dit is daardie deel van die storie waarop die meeste mense fokus, maar wat opvallend is, is die ongelooflike volharding en verbasende geduld van die grondeienaar.
Volhardende genade
Sedert die begin het God die mensdom met onverpoosde, volhardende en onversetlike genade nagejaag. Hy is geminag, geskop, gespot, belaster, beledig, gevloek, gehaat en tog gaan Hy voort om genade en die kans op berou te bied. Vir meer as ‘n duisend jaar lank het die Here die profete na Israel toe gestuur met waarskuwing na waarskuwing waarmee Hy hulle teruggeroep het na die God met wie hulle ‘n verbond gesluit het. Herhaaldelik het hulle hierdie boodskappers verwerp, in hulle gesigte gespoeg en hulle vermoor.
Uiteindelik het God Sy eie Seun gestuur; die uiterste uitdrukking van Sy onversetlike liefde. Hulle het Sy Seun gemartel en doodgemaak, net soos hulle met al die ander boodskappers gedoen het en tog kan ‘n mens God deur die profete hoor ween: “Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel?” Hos 11:8
Nimmereindigende klop aan die deur
Hoe dikwels roep God na die verlore seun. Hoe volhardend bied Hy Sy genade vir die sondaar aan. Sy volharding ken geen perke nie. Hy sê: “Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop…” Maar, Hy klop nie soos die posman wat net twee keer klop en dan loop nie. Hy klop soos ‘n kind aan sy ouers se deur – weer en weer en weer. Hy klop en klop en klop deur ons hele lewe heen. Die Here praat met ons deur boodskappers, situasies, die natuur, die wetenskap, deur die Bybel, deur ons gewete en deur die Heilige Gees. God wil nie hê dat een mens moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering sal kom. Vir sommige mense is Sy volharding aanstootlik, maar dit is die ‘Genade Onbeskryflik Groot’ waarvan ons sing, want sonder hierdie genade sal nie een van ons ooit na God toe kan kom nie.
Moenie langer weerstand bied nie
Natuurlik sal die geklop eendag tot ‘n einde kom en sal die kans op genade verbeur wees, soos die huurders in Jesus se gelykenis. Die oordeelsdag kom vining nader, maar daar is nog steeds hoop vir jou. Moenie nog ‘n boodskapper wegstuur nie. Moenie nog ‘n geleentheid van die hand wys nie. Wie weet… dit mag dalk jou laaste kans wees.

- Daniel Kolenda -

Dankie!

- **Vir God se volhardende en onversetlike genade!**
- **Vir Christus wat die Antwoord in ons gebroke wêreld is!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons kinders wat nou met vakansie is en almal wat met vakansie gaan. Vir veiligheid.
- Vir die Ukraine en Rusland situasie… Vra die Heilige Gees om jou te lei. Ook vir die lande wat onder groot druk verkeer in hantering van vlugtelinge…, maar ook beskerming van die vlugtelinge teen uitbuiting.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – ons dank die Here dat sy nou in remissie is!
- Johan Kotzé – vir volkome herstel.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing en herstel.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – is in ICU. Vir die nabyheid van die Here.

Ons innige meegevoel aan Gerhard en Johan Louw met die afsterwe van Altus.

.

Gedagte vir die week:

Hieraan weet ons wat liefde is: Jesus het Sy lewe vir ons afgelê.
1 Joh 3:16

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org